



DIE VERHOUDING DEUR EN TUSSEN DIE SAOU EN SAEF

Hierdie Nuusbrief word aan lede gestuur as gesamentlike inligtingstuk voorsien deur die SAOU se Presidenten-Raad en die Bestuurskomitee van die South African Education Foundation (SAEF). Dit is deel van 'n gesamentlike onderneming aan lede om op gereelde grondslag inligting beskikbaar te stel ten einde te voorkom dat foutiewe persepsies kan ontstaan.

Nota: Syfers hierin weergegee is gekontroleer en bevestig deur die SAEF ouditeur, NORFER Ouditeure, en is gebaseer op die 2017 geouditeerde state. Daar word ook bevestig dat beide SAOU en SAEF nog nooit 'n gekwalifiseerde auditverslag ontvang het nie.

1. Die geskiedenis en die vraag waarom 'n batehouer, SAEF

Die voorloper van SAEF was die SA Ontwikkelingstigting (SAOS) wat op 23 Mei 1992 tydens 'n Buitengewone Algemene Vergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging (TO) gevestig is. [Lees verder.](#)

2. Waarom is dit voordelig vir die SAOU om 'n noue samewerkingsverhouding met SAEF te handhaaf?

Soos in paragraaf 1 hierbo uiteengesit was die primêre rede vir die vestiging van SAOS, en later SAEF, die verskansing van bates, maar was dit altyd die doel gewees om bystand aan aanvanklik die TO, en later die SAOU te bied. [Lees verder.](#)

3. Op welke stadium is die SAOU-gebou oorgedra na SAEF?

Soos hierbo verduidelik, is daar reeds in 1992 deur die voormalige Transvaalse Onderwysersvereniging besluit om die gebou na SAOS oor te dra. [Lees verder.](#)

4. Wat is die werklike finansiële prestasie van FINSA en TO Strand?

Die persepsie bestaan dat daar groot winste is. Dit is werklik nie die geval nie. [Lees verder.](#)

5. Waarom is dit nie wenslik dat die SAOU bloot die bates besit wat die SAEF nou besit nie?

As gevolg van die ontstaansgeskiedenis, die samewerkingsooreenkoms van 1992 deur en tussen die TO en SAOS, asook die diensvlakooreenkoms soos aangegaan deur en tussen die SAOU en SAEF met ingang van 2006, is dit korrek dat daar 'n noue werksverhouding tussen die SAOU en SAEF moet bestaan. [Lees verder.](#)

6. Wat is die netto bate waarde van SAEF op hierdie tydstip en het die SAOU, SAOS en/of SAEF al ooit 'n gekwalifiseerde auditverslag ontvang?

Volgens die heel jongste berekening van die SAEF ouditeur behoop die netto bate waarde volgens die 2017 geouditeerde state R67.9 miljoen en kan bevestig word dat die auditverslae deurgaans ongekwalifiseerd is.

7. Op welke wyse word verseker dat die skeidslyne tussen die SAOU en SAEF as regspersone op korporatiewe beheer en bestuursvlak getrek word en botsings van belang vermy word?

Groot sorg word aan die dag gelê dat die terreine op korporatiewe beheer- en bestuursvlak geskei en gehonoreer word. [Lees verder.](#)

8. Wie is die lede van SAEF se Bestuurskomitee en wat is die vergoeding wat aan hulle betaal word?

Die SAEF Bestuurskomitee is nie direk gekoppel aan die SAOU-ampte nie omdat die lede in hulle persoonlike hoedanigheid aangewys word. [Lees verder.](#)

9. Wat beoog die SAOU om te doen aan die verskeie aantygings wat die afgelope wyle teenoor die SAOU en SAEF gemaak is en wat 'n mate van onrustigheid onder lede veroorsaak het?

Die SAOU se Dagbestuur is baie ernstig om die aantygings te laat ondersoek en te verseker dat enige vorm van suspisie aangespreek word. [Lees verder.](#)

SAOU NASIONALE HOOFDESIMPOSIUM / SAOU NATIONAL PRINCIPALS' SYMPOSIUM

Datum: 9 – 12 September 2018

Plek: Suid-Kampus, Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth

Registreer so spoedig doenlik om teleurstelling te voorkom. [Klik hier](#) vir die uitnodiging en registrasie.

Date: 9 – 12 September 2018

Venue: South Campus, Nelson Mandela University, Port Elizabeth

Register as soon as possible as limited space is available. [Click here](#) for the invitation and to register.

Alle Navrae

- ▲ Kontakpersoon: **Charné Willemse**
- ▲ Telefoonnommer: **041 365 2653**
(09:00 – 13:00)
- ▲ Faksnommer: **041 365 0601**
- ▲ E-posadres: [**Charnew@saou.co.za**](mailto:Charnew@saou.co.za)

All Enquiries

- ▲ Contact Person: **Charné Willemse**
- ▲ Telephone No: **041 365 2653**
(09:00 – 13:00)
- ▲ Fax No: **041 365 0601**
- ▲ Email Address: [**Charnew@saou.co.za**](mailto:Charnew@saou.co.za)